

Maandag 18 Junie

Skrifgedeelte: Nehemia 3:1-6

Fokusgedeelte: Nehemia 3:1

“Here, herbou tog die kerk deur die gawes wat U ons gee”

“Kom ons bou!” roep die volk uit (Neh. 2:18). Dit bly ook nie net by ’n uitroep nie, want die volk begin bou. Mans en vrouens, oud en jonk, ryk en arm, naby en ver, vernaam en gewoon ... almal begin saam te bou. Nie net die gemeentebou-kommissie, die kerkraad of susters nie ... almal ... saam! Wat ’n wonderlike dag moet dit nie wees nie.

Hoekom kon hulle so saam bou? Hulle was oortuig daarvan dat dit die Here se wil is, en Nehemia het elkeen laat werk waar hy/sy volgens hulle gawes hoort. Ons hoor hoe hulle as gesinne en families saam aan die muur bou, naaste aan die plek in die stad waar hulle gewoon het. Daar waar die Here jou roep, waar jy pas, waar jou gawes lê, daar wil die Here jou gebruik om sy kerk te bou.

Waar begin hulle? By die Skaappoort wat die priesters onder leiding van die hoëpriester bou en heilig. Die Skaappoort was in die muur naaste aan die tempel en was daarom as deel van die tempel gereken. Deur hierdie poort sou die skape vir die offerseremonies na die tempel gebring word om geslag te word. Hoe nodig is die offers nie in die lewe van Gods volk nie!

Begin ons as kerk daar bou, waar Christus sentraal staan? By die Woord en sakramente wat van Christus as die gekruisigde en opgestane Here getuig? Waar sy offer ons daar oproep om self die offer van ons hele lewe te bring?

So heerlik wanneer die Here in sy genade roep! Selfs die skoonfamilie van die vyandige Tobija is oortuig en bou saam. Ja, Mesullam (wie se dogter met Tobija se seun getroud was) bou selfs ’n dubbele deel van die muur! Wie kan keer wanneer God roep en stuur?

Laat ons as kerk eendragtig saam vir die Here bou! Nooit moet rang en posisie, beroep of bekwaamheid vooropstaan nie. Laat ons almal ons kragte ingooi om saam vir die Here te werk. In ons bereidwilligheid om God in liefde te dien, bind die Here ons saam in ons diens aan Hom. Gebruik u gawes waar God u roep ... Kom ons bou!

Sing: Psalm 84-1:6

Ds. PR (Retief) Gouws (Pietersburg)